higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N330**(E)**(J14)H

NATIONAL CERTIFICATE

DAY CARE COMMUNICATION N6

(5140236)

14 June 2018 (X-Paper)
09:00–12:00

OPEN-BOOK EXAMINATION

Candidates may take THREE reference books and ONE dictionary into the exam venue.

This question paper consists of 8 pages and an addendum of 3 pages.

Copyright reserved

DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL CERTIFICATE
DAY CARE COMMUNICATION N6
TIME: 3 HOURS
MARKS: 200

INSTRUCTIONS AND INFORMATION

1. Answer ALL the questions.
2. Read ALL the questions carefully.
3. Number the answers according to the numbering system used in this question paper.
4. Use only blue or black ink.
5. Start each MODULE on a NEW page.
6. Write neatly and legibly.

Copyright reserved

MODULE 1: ORAL COMMUNICATION SKILLS

QUESTION 1

You have to deliver a speech at your institution about the suitable treatment for identical twins.

Write the speech under the following headings:

- Introduction
- Body
- Conclusion

Use the keywords below in your speech in full sentences and in a logical sequence.

thank you; definitions; welcome; classes; topic; special; good evening; treated; characteristics; biological; individuals; bond; family; separation; birth; privilege; end; question; physical appearance; born

[25]

MODULE 2: LANGUAGE SKILLS

QUESTION 2

2.1 Explain the meaning of the following words:

2.1.1 Fraternal

2.1.2 Revealed

2.1.3 Reunion

2.1.4 Encounter

2.1.5 Grief

(5 × 2) (10)

2.2 Rewrite the following sentences in indirect speech:

2.2.1 'That's Jorge!' she told her friend.

2.2.2 'Oh, no, that's William!' Janeth exclaimed.

2.2.3 Jorge said to Carlos: 'What would you say if I told you I had an identical twin?'

2.2.4 'So we were swopped,' Wilber said.

2.2.5 'So what do we do?' Carlos asked.

(5 × 2) (10)

Copyright reserved

2.3 Give suitable antonyms for the following words:

2.3.1 Permanently

2.3.2 Painful

2.3.3 Isolation

2.3.4 Group

2.3.5 Arrived

(5 × 2) (10)

2.4 Explain the function of each of the following punctuation marks:

2.4.1 .

2.4.2 ‘ (not a comma)

2.4.3 !

2.4.4 ?

2.4.5 -

(5 × 2) (10)
[40]

MODULE 3: READING AND WRITING SKILLS

QUESTION 3

Read the article, THE MIXED-UP TWINS OF BOGOTA, on the ADDENDUM (attached) and answer the questions:

3.1 Complete the following paragraph by writing only the missing word or words next to the question number (3.1.1–3.1.5) in the ANSWER BOOK.

3.1.1 ... was baffled. 3.1.2 … laughed and told her he did have a twin. His name was 3.1.3 … Jorge and Carlos shared a two-bedroom 3.1.4 ... Later Carlos remarked with tears in his eyes that the 3.1.5 ... was the best present anyone had ever given him. (5)

3.2 Answer the following questions in full sentences:

3.2.1 Who is the writer of this article? (2)

3.2.2 Name the city and country mentioned in this article. (2)

Copyright reserved

3.2.3 What were the physical similarities between Jorge and William that Laura's noticed? (5)

3.2.4 On which date did Janeth text Laura an image of William to show Jorge? (1)

3.2.5 Who was Janeth's boyfriend? (1)

3.3 Explain in one paragraph why the two babies were swopped in the hospital. Use your own words. (5)

3.4 'The four young men got to know one another well.'

Quote from the passage how they did this. (5)

3.5 Why was Carlos moved when he met his biological parents for the first time? (4)

[30]

MODULE 4: MEETINGS, SEMINARS AND CONFERENCES

QUESTION 4

You are the principal of the Temba institution. You want to convene a special meeting with all teachers involved in the education of identical twins.

Draw up a notice and agenda for this special meeting. Use the keywords from the list in QUESTION 1. Use SIX discussion points. The date, time and place are your own choice. **[25]**

Copyright reserved

MODULE 5: TEXTUAL STUDIES

QUESTION 5

Carefully read the following poem and answer the questions.

On aging

When you see me sitting quietly,
Like a sack left on a shelf,
Don't think I need your chattering,
I'm listening to myself.
Hold! Stop! Don't pity me!
Hold! Stop your sympathy!
Understanding if you got it,
Otherwise I'll do without it!

When my bones are stiff and aching
And my feet won't climb the stairs,

I will ask one favour:
Don't bring me no rocking chair.

When you see me walking, stumbling,
Don't study and get it wrong.
'Cause tired don't mean lazy'
And every goodbye ain't gone.

I'm the same person I was back then,
A little less hair, a little less chin,
A lot less lungs and much less wind,
But ain't I lucky I can still breathe in.

by ***Maya Angelou***

5.1 Quote and explain the simile in the first four lines of the poem. (2)

5.2 QUOTE a line from the poem that reveals that the poet doesn't want to be patronised (belittled) with superficial, meaningless conversation. (2)

5.3 What emotion is the speaker trying to convey through the use of numerous exclamation marks in the first eight lines? Explain your answer. (2)

Copyright reserved

5.4 What is the tone of the speaker in lines 11 and 12:

'I will ask one favour:
Don't bring me no rocking chair.'

Write only the letter (A–D) next to the question number in the ANSWER BOOK.

A Anger
B Ironic
C Sad
D Fearful (1)

5.5 What does the speaker mean in line 16:

'And every goodbye ain't gone.' (2)

5.6 Briefly explain what the speaker wants from those who see him/her. (1)

5.7 Who is the poet? (1)

5.8 Write down ALL the words or part of sentences that indicate old age. (8)

5.9 'But ain't I lucky I can still breathe in.'

Does this sentence have a literal or figurative meaning? (1)

5.10 What are the opposites of the following words:

5.10.1 Tired

5.10.2 Wrong

(2 × 1) (2)

5.11 Who is the 'you' in the first line of this poem? (2)

5.12 Name the rhyme scheme used in this poem. (1)

[25]

MODULE 6: JOURNALISM

QUESTION 6

6.1 Explain the meaning and implementation of the AIDA principle as used for designing a display advertisement. (4 × 3) (12)

6.2 What is the difference between a display advertisement and a classified advertisement? Only tabulate the keywords to show the difference. (12)

6.3 Complete the following sentence by only writing the answer next to the question number (6.3) in the ANSWER BOOK:

An information letter can also be called a/an ... letter. (1)

6.4 Write an information letter to all parents about the treatment of identical twins in the community and at school.

Design your own letterhead for the Temba institution, including all detail.

You can use the article on the ADDENDUM (attached) and the keywords in in the list in QUESTION 1 for background knowledge. (30)

[55]

TOTAL: 200

Copyright reserved

ADDENDUM

MIXED-UP TWINS OF BOGOTA

In Columbia two sets of twins were accidentally separated shortly after birth. It would take 24 years for the tragic error to be revealed.

By Susan Dominus

As Laura Vega Garzon walked into a supermarket on a Saturday in mid-2013, she was surprised to see someone she knew. Behind the butcher counter of the shop in Northern Bogota, Columbia, was a colleague from her work at Strycon, an engineering firm.

She gave him a big wave, but he hardly acknowledged her. 'That's Jorge!' she told her friend, Janeth Paez. 'He works in my office.' He was a well-liked 24-year-old who designed pipes for oil transport.

'Oh, no, that's William!' Janeth exclaimed. 'The man behind the counter is my boyfriend's cousin', she added. Laura was baffled. Why was Jorge pretending to be someone else?

The following Monday at Strycon Laura told Jorge about her funny misunderstanding with his double at the butcher counter. Jorge laughed and told her he did have a twin, named Carlos, but they looked nothing alike.

When Janeth saw Jorge for the first time at his workplace at a later stage, she immediately understood Laura's confusion at the butcher counter. The two men had the same soft brown eyes, same bouncy, feet-splayed walk and same bright, flashy smile.

On 9 September 2014 Janeth texted Laura an image of William to show to Jorge. 'That's me!' Jorge said. He started flipping through William's Facebook images and saw a friend of William that looked just like his fraternal twin, Carlos.

The two-bedroom duplex Carlos and Jorge shared in the middle-class neighbourhood in Bogota was a step up from their childhood home. Their mother, a housekeeper, raised them and their older sister, Diana, in one small room of a house their grandmother owned in the city.

When he got home after work, Jorge asked Carlos, 'What would you say if I tell you I had an identical twin?' Carlos didn't look amused. Jorge showed Carlos the photos on his laptop of William alongside Carlos' double. 'Who are they?' Carlos asked.

Jorge told him everything he'd learnt from Janeth and Laura. The young men in the photo were raised on a remote farm in Santander, a mostly rural region to the north. According to Facebook they were born, as were Jorge and Carlos, in December 1988.

Copyright reserved

'Perhaps', Jorge said, 'there had been some kind of mix-up at the hospital - a nurse who accidentally swopped one baby from one set of identical twins with a baby from another pair.' Carlos headed into his room and closed the door. He told Jorge never to bother him with the subject again.

The next day Janeth texed the photos of Jorge and Carlos to William and his cousin Brian, Janeth's boyfriend. As soon as the first photo arrived, William let out a scream, then laughed.

William got in touch with an aunt, who told him that, he'd been sent to a hospital in Bogota right after he was born. He and Wilber had been delivered at just 28 weeks and William had digestive problems. The aunt said he'd been treated at the Marterno Infantil in the city.

They found out that Jorge and Carlos had also been delivered at Marterno Infantil. William sat on a bench in the back of the shop and broke into heavy sobs. How will he tell his mother? She had six children but he was the one who sent her money. The news would break her heart - it was already breaking his.
When Wilber saw a photo of Jorge and Carlos, he immediately understood and said shrugging, 'So, we were swopped. I don't care who they are. You're my brother until the day I die.'

Within hours Janeth had arranged for them to meet in a public square at 21:00. Carlos had a date and couldn't go. At the appointed time Jorge stood in the square. Within minutes a group started walking towards him. There was William with Jorge's face, walking just as Jorge did, with the same roll and funny spread of his feet.

Brian filmed the encounter on his phone. Jorge stared at Wilber and shook his head. Wilber had seen the photos of Carlos, who wore glasses. 'All I need are the glasses!' Wilber said. He let out a high-pitched giggle and that was Carlos' laugh.

Having seen how much William looked like Jorge, Wilber was now eager to meet Carlos. Jorge called Carlos to say they were coming. Around 22:00 Carlos heard the doorbell ring. He walked to the door and then stood there paralysed. 'Open the door!' Jorge commanded. Carlos opened the door and the group filed in. And then there he was - Carlos was staring at himself. Wilber was his mirror image.

They took a quick peek at each other, both shouted, 'Ay!' and turned their backs, covering their eyes, each turning red.

Jorge told William that their biological mother died of cancer four years earlier. He showed William a photo of her as a young woman. Staring at the photo William was struck with a new blow of grief.

Around midnight the visitors left promising to meet soon. Jorge and Carlos stared at each other. 'So what do we do?' Carlos asked. Jorge saw Carlos had started to cry. Carlos walked over to Jorge to wrap him in a close hug. 'I want to be your brother,' he said.

Copyright reserved

When Carlos met his biological parents, Jose del Carmen Canas and Ana Delina Velasco for the first time, they were weeping profusely. He was moved when he felt Jose's arms around him - he'd never really known his father, who died shortly after his mother did. But something about Ana's tears left him feeling detached, calm. He'd had a mother and a very good one at that.

The four young men got to know one another well. They went on outings, shared meals and talked about relationships, family, money and values. Carlos felt lonelier than ever. He could feel Jorge drifting towards William. Carlos felt as though Jorge dismissed his concerns. Jorge felt frustrated that nothing he said could assuage Carlos' sense of isolation.

But Jorge tried. About six weeks later, Jorge got a photo of Carlos and went to a tattoo parlour. He already had a tattoo of his mother over his heart. Now he sat in a chair for four painful hours as his favourite practitioner needled his brother's image permanently into his flesh. He came home and lifted his shirt to show Carlos the work, his skin still bloody. It was, Carlos would later remark with tears in his eyes, the best present anyone had ever given him.

Adapted from an article that originally appeared in the New York Times magazine. Susan Dominus is a staff writer for the New York Times magazine.

Kopiereg voorbehou

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N330**(A)**(J14)H

NASIONALE SERTIFIKAART

DAGSORGKOMMUNIKASIE N6

(5140236)

14 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate mag DRIE naslaanwerke en EEN woordeboek in die eksamenlokaal inneem.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en ’n addendum van 3 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAART
DAGSORGKOMMUNIKASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs blou of swart ink.
5. Begin elke MODULE op ’n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

MODULE 1: MONDELINGE KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE

VRAAG 1

Jy moet 'n toespraak by ’n instansie lewer oor die geskikte behandeling vir identiese tweelinge.

Skryf die toespraak onder die volgende opskrifte:

- Inleiding
- Liggaam
- Slot

Gebruik die onderstaande sleutelwoorde in jou toespraak in volsinne en in 'n logiese volgorde.

dankie; definisies; welkom; klasse; onderwerp; spesiaal; goeienaand; behandel; eienskappe; biologiese; individue; band; familie; skeiding; geboorte; voorreg; einde; vraag; fisiese voorkoms; gebore

[25]

MODULE 2: TAALVAARDIGHEDE

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die betekenis van die volgende woorde:

2.1.1 Verstom

2.1.2 Aan die lig kom

2.1.3 Reünie

2.1.4 Iemand raakloop

2.1.5 Verdriet

(5 × 2) (10)

2.2 Herskryf die volgende sinne in indirekte rede:

2.2.1 'Dis Jorge!' sê sy vir haar vriendin.

2.2.2 'O nee, dis William!' sê Janeth.

2.2.3 Jorge het Carlos gevra: 'Wat sal jy sê as ek jou vertel dat ek 'n identiese tweelingbroer het?'

2.2.4 'Ons is dus omgeruil,' het Wilber gesê.

2.2.5 'Wat doen ons nou?' vra Carlos.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.3 Gee gepaste antonieme vir die volgende woorde:

2.3.1 Permanent

2.3.2 Pynlik

2.3.3 Isolasie

2.3.4 Groep

2.3.5 Aangekom

(5 × 2) (10)

2.4 Verduidelik die funksies van die volgende leestekens, skriftelik:

2.4.1 .

2.4.2 ‘ (nie 'n komma nie)

2.4.3 !

2.4.4 ?

2.4.5 -

(5 × 2) (10)
[40]

MODULE 3: LEES- EN SKRYFVAARDIGHEDE

VRAAG 3

Lees die artikel, DIE OMGERUILDE TWEELING VAN BOGOTA, op die ADDENDUM en beantwoord die vrae:

3.1 Voltooi die volgende paragraaf deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 ... was verstom. 3.1.2 … het gelag en haar vertel dat hy ‘n tweelingbroer het. Sy naam is 3.1.3 … Jorge en Carlos het ‘n tweeslaapkamer- 3.1.4 ... gedeel. Later het Carlos met trane in sy oë opgemerk dat die 3.1.5 ... die beste geskenk was wat enigiemand nog ooit vir hom gegee het. (5)

3.2 Beantwoord die volgende vrae in volsinne:

3.2.1 Wie is die skrywer van hierdie artikel? (2)

3.2.2 Noem die stad en land wat in hierdie artikel genoem word. (2)

Kopiereg voorbehou

3.2.3 Wat was die fisiese ooreenkomste tussen Jorge en William wat Laura opgemerk het? (5)

3.2.4 Op watter datum het Janeth vir Laura 'n foto van William gestuur om aan Jorge te wys? (1)

3.2.5 Wie was Janeth se kêrel? (1)

3.3 Verduidelik in een paragraaf waarom die twee babas in die hospitaal omgeruil is. Gebruik jou eie woorde. (5)

3.4 'Die vier jong mans het mekaar goed leer ken.'

Haal uit die gedeelte aan hoe hulle dit gedoen het. (5)

3.5 Waarom het Carlos bewoë geraak toe hy vir die eerste keer sy biologiese ouers ontmoet het? (4)

[30]

MODULE 4: VERGADERINGS, SEMINARE EN KONFERENSIES

VRAAG 4

Jy is die hoof van die Temba-instituut. Jy wil 'n spesiale vergadering reël met al die onderwysers wat by die opleiding van identiese tweelinge betrokke is.

Stel 'n kennisgewing en agenda vir hierdie spesiale vergadering op. Gebruik die sleutelwoorde uit die lys in VRAAG 1. Gebruik SES besprekingspunte. Die datum, tyd en plek is jou eie keuse. **[25]**

Kopiereg voorbehou

MODULE 5: TEKSTUELE STUDIES

VRAAG 5

Lees die volgende gedig noukeurig en beantwoord die vrae.

Die Ouderdom

So stilweg soos die nag se dou
sluip hy nader om jou af te knou
soos roes wat sy spoor kom wys
maak hy litte stram en hare grys.
Hy is regverdig, ontsien geen sintuig of orgaan
hy takel jou af, gees, siel en liggaam.

Dit is brille en pille en gehoorapparaat
en vir sommige kwale geen raat.
Waar is tog die energie, die krag
waar is die gehuppel en die lag?
Jy word lomp en dinge glip uit jou hande
as jy iets laat stort ervaar jy skande.

So sleep die sprinkaan hom met moeite voort
en jy weet later nie presies waar jy hoort.
Uiteindelik word jou lewenshuis gesloop
tog is dit nie die einde nie
daar wag ‘n salige hoop …

deur **Dries Auret**

5.1	Haal TWEE voorbeelde van ‘n vergelyking uit die gedig aan.	(2 × 2)	(4)
5.2	Wie is die 'hy' waarna die digter in die gedig verwys?		(2)
5.3	Watter emosie(s) het jy ervaar met die lees van die gedig?		(2)
5.4	Die einde van die gedig bevat ‘n beletselteken.		
	Wat is die doel of funksie van ‘n beletselteken?		(2)
5.5	Noem DRIE sintuie en DRIE organe in jou liggaam.		(6)

5.6 Wie is die digter? (1)

5.7 Gee TWEE voorbeelde uit die gedig van:

5.7.1 Alliterasie

5.7.2 Assonansie

(2 × 4) (8)
[25]

MODULE 6: JOERNALISTIEK

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die betekenis en implementering van die AIDA-beginsel soos gebruik word vir die ontwerp van 'n sieradvertensie. (4 × 3) (12)

6.2 Wat is die verskil tussen 'n sieradvertensie en 'n geklassifiseerde advertensie? Tabuleer slegs die sleutelwoorde om die verskil te toon. (12)

6.3 Voltooi die volgende sin deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.3) in die ANTWOORDEBOEK neer te skryf:

'n Inligtingsbrief kan ook 'n ... brief genoem word. (1)

6.4 Skryf 'n inligtingsbrief aan alle ouers oor die behandeling van identiese tweelinge in die gemeenskap en by die skool.

Ontwerp jou eie briefhoof vir die Temba-instituut, met alle besonderhede.

Jy kan die artikel op die ADDENDUM (aangeheg) en die sleutelwoorde in die lys in VRAAG 1 gebruik vir agtergrondkennis. (30)
[55]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

DIE OMGERUILDE TWEELING VAN BOGOTA

In Columbië is twee tweelinge per ongeluk kort na geboorte geskei. Eers 24 jaar later het die tragiese fout aan die lig gekom.

Deur Susan Dominus

Toe Laura Vega Garzon op ŉ Saterdag teen die middel van 2013 in ŉ supermark inloop, was sy verbaas om ŉ bekende daar raak te loop. Agter die slagterstoonbank van die winkel in Noord-Bogota, Columbië, het een van haar kollegas by Strycon, ŉ ingenieursfirma, gestaan.

Sy het opgewonde vir hom gewaai, maar hy het skaars teruggegroet. 'Dis Jorge!' sê sy vir haar vriendin, Janeth Paez. 'Hy werk in my kantoor.' Hy is ŉ gewilde 24-jarige wat pype vir olievervoer ontwerp.

'O nee, dis William,' sê Janeth. 'Die man agter die toonbank is my kêrel se neef.' Laura was verstom. Hoekom het Jorge voorgegee om iemand anders te wees?

Die Maandag vertel Laura by Strycon vir Jorge van haar snaakse misverstand met sy dubbelganger by die slagterstoonbank. Jorge het gelag en gesê hy het ŉ tweelingbroer met die naam Carlos, maar hulle lyk glad nie na mekaar nie.

Toe Janeth die eerste keer vir Jorge by sy werkplek sien, het sy dadelik Laura se verwarring by die slagterstoonbank verstaan. Die twee mans het dieselfde sagte bruin oë, dieselfde veerkragtige, platvoetstappie en dieselfde vrolike, aansteeklike glimlag.

Op 9 September 2014 stuur Janeth vir Laura ŉ foto van William om vir Jorge te wys. 'Dis ek!' sê Jorge. Hy blaai deur William se Facebook-foto's en sien William het ŉ vriend wat net soos sy tweelingbroer, Carlos, lyk.

Die middelklasbuurt in Bogota waar Carlos en Jorge ŉ tweeslaapkamerdupleks gedeel het, was ŉ bietjie beter as die buurt waar hulle grootgeword het. Hulle ma was ŉ huishoudster. Sy het hulle en hul ouer suster, Diana, in ŉ klein kamertjie in hul ouma se huis in die stad grootgemaak.

Toe hy na werk by die huis kom, vra Jorge vir Carlos: 'Wat sal jy sê as ek jou vertel ek het ŉ identiese tweelingbroer?' Carlos het nie gedink dis snaaks nie. Jorge wys toe vir hom die foto's van William en Carlos se dubbelganger op sy skootrekenaar. 'Wie's dit?' wou Carlos weet.

Jorge vertel hom toe alles wat hy by Janeth en Laura gehoor het. Die jongmans op die foto het op ŉ afgeleë plaas in Santander, ŉ plattelandse gebied in die noorde, grootgeword. Volgens Facebook is hulle net soos Jorge en Carlos in Desember 1988 gebore.

Kopiereg voorbehou

'Miskien het die susters in die hospitaal ons met mekaar verwar en per ongeluk ’n baba van een identiese tweeling met ’n baba van ’n ander identiese tweeling omgeruil,' het Jorge gesê. Carlos is kamer toe en het sy deur toegemaak. Hy het vir Jorge gesê hy wil nooit weer van dié storie hoor nie.

Die volgende dag het Janeth die foto's van Jorge en Carlos vir William en sy neef Brian, Janeth se kêrel, gestuur. Toe hy die eerste foto sien, het William eers gegil en toe begin lag.

William het met ’n tannie van hom kontak gemaak. Sy vertel toe hy is kort na geboorte na ’n hospitaal in Bogota gestuur. Hy en Wilber is op 28 weke gebore en William het spysverteringsprobleme gehad. Volgens die tannie is hy in die Marterno Infantil in die stad behandel.

Hulle hoor toe Jorge en Carlos is in die Marterno Infantil gebore. William het op ’n bank agter in die winkel gaan sit en hardop begin huil. Hoe gaan hy dit vir sy ma vertel? Sy het ses kinders, maar hy is die een wat vir haar geld stuur. Die nuus sou haar hart breek – dit was vir hom alreeds hartverskeurend.

Toe Wilber ’n foto van Jorge en Carlos sien, het hy dadelik besef wat aangaan en gesê: 'So, ons is omgeruil. Ek gee nie om wie hulle is nie. Jy sal tot die dag van my dood my broer bly.'

Janeth het vinnig gereël dat hulle mekaar om 21:00 in die openbaar op ’n plein ontmoet. Carlos het ’n afspraak gehad en kon nie gaan nie. Op die afgespreekte tyd het Jorge op die plein gestaan. Na ’n paar minute het ’n groep mense na hom toe aangeloop gekom. William was daar met Jorge se gesig en hy het net soos Jorge geloop met sy voete net so snaaks gedraai.

Brian het die ontmoeting op sy selfoon afgeneem. Jorge het net na Wilber gestaar en sy kop geskud. Wilber het al foto’s van Carlos met sy bril gesien. 'Al wat ek nodig het, is die bril,' sê hy en giggel skril – net soos Carlos.

Toe Wilber sien hoe baie William na Jorge lyk, wou hy baie graag vir Carlos ontmoet. Jorge het vir Carlos gebel en gesê hulle is op pad. Teen 22:00 het Carlos die deurklokkie hoor lui. Hy het deur toe geloop en lamgeslaan bly staan. ‘Maak oop die deur!’ het Jorge gesê. Toe Carlos die deur oopmaak, kom hulle op ’n ry ingeloop – en toe sien hy hom, en staar na homself. Wilber was sy spieëlbeeld.

Hulle het vinnig na mekaar gekyk, 'Nee!' geskree, en mekaar die rug toegekeer. Hulle het hul hande oor hul oë gedruk en bloedrooi gebloos.

Jorge het vir William vertel hulle biologiese ma het vier jaar tevore aan kanker gesterf. Hy het vir William ’n foto van haar as ’n jong vrou gewys. Terwyl William na die foto staar, is hy opnuut deur verdriet oorweldig.

Teen middernag het die besoekers vertrek en belowe om gou weer te kom kuier. Jorge en Carlos het na mekaar gestaar. 'Wat maak ons nou?' het Carlos gevra en begin huil. Hy het na Jorge toe geloop, hom styf vasgedruk en gesê: 'Ek wil jóú broer wees.'

Kopiereg voorbehou

Toe Carlos die eerste keer sy biologiese ouers, Jose del Carmen Canas en Ana Delina Velasco, ontmoet, het hulle bitterlik gehuil. Carlos het bewoë geraak toe hy Jose se arms om hom voel, want hy het nooit regtig sy pa geken nie – dié is kort na sy ma oorlede. Maar Ana se trane het hom onaangeraak gelaat. Hy het ’n baie goeie ma gehad.

Die vier jong mans het mekaar goed leer ken. Hulle het op uitstappies gegaan, saam geëet en oor verhoudings, familie, geld en waardes gesels. Carlos het eensamer as ooit tevore gevoel. Hy kon aanvoel hoe Jorge nader aan William beweeg en dit het vir hom gevoel asof Jorge nie omgee dat hy bekommerd is nie. Jorge was gefrustreerd omdat niks wat hy gesê het Carlos minder geïsoleerd kon laat voel nie.

Maar Jorge het probeer. Omtrent ses weke later is hy met ’n foto van Carlos na ’n tatoeëerwinkel toe. Hy het reeds ’n tatoeëermerk van sy ma oor sy hart gehad en het nou vier pynlike ure lank op ’n stoel gesit sodat sy gunstelingpraktisyn sy broer se beeld permanent met naalde in sy vlees kon vaslê. By die huis het hy sy hemp opgelig om dit vir Carlos te wys terwyl sy vel nog bloederig was. Carlos het later met trane in sy oë opgemerk dat dit die beste geskenk is wat enigiemand nog ooit vir hom gegee het.

Aangepas uit ’n artikel wat oorspronklik in die New York Times-tydskrif verskyn het. Susan Dominus is ’n skrywer op die personeel van die New York Times-tydskrif.

Kopiereg voorbehou